En toe - die MOOISTE geskenk !!!Ekself was al 3 maal by Khumaga en die rivier was nog altyd net n droe rivierloop. Vir 20 jaar het die Botetirivier droog gele en in 2009 het die reen begin val - en daar le die rivier , kant aan wal en ons moes ons voertuie een vir een met n "ferry" na die oorkantste wal neem. n Oase in die droe woestyn !!! Dit was n lekker verrassing. By die hek het Wicus n ou vriend raakgeloop - wat hom onthou het van jare van tevore se jagtogte.

Sommer met die inryslag het n paar grootvoete vir ons met hul ore gewaai en n bietjie stof opgeskop. Om te dink ons kamp met geen heinings tussen ons en enige wild nie het die adrenalien laat pomp! Khumaga was vol leeus en saans het 4 ratels om ons voete gewoel om die kospotte uit te krap. ( hulle maak n pot darem silwerskoon!) Olifante, sebra's, blou wildebeeste, leeus ,aasvoels jakkalse - ek kon dink dis die Paradys! Ons het die mooooooiste sonsondergange aanskou en ook die moooooooiste sonsopkomste beleef. Ons was ook bevoorreg om die "Two Lost Boys of the Kalahari" persoonlikontmoetenonsverluisteraanhulle wedervaringe in die " Nxai -panne". Baine's Boababs ( binne die Nxai panne)was ongelooflik en die slegte pad se ry oor en oor werd.

Rakops Mall is nie so wonderlik soos wat almal se nie, maar ons kry die Maandag oggend genoeg ys vir die 7 dae wat voorle , sonder enige water, ys, kafees of brandstof .Teen elfuur is ons oppad en teen 2 uur by Matswere hek on die 52 800 vierkante km Sentraal Kalahari binne te gaan. Teen 3 -4 uur se kant is ons by ons kampplek. Die Central Kalahari is .............Genadeloos...Genadig...Wreed... Pragtig...Hard...Koud... Warm...Rof...Rustig....... en beslis NIE vir sissies nie.
Hier was ons by die mooiste kampplekke Sunday Pan , Deception Pan, Passarge Pan en Piper Pan - basiese geriewe , maar voldoende. Sunday Pan :, waar ons toe sommer gou gou vir n groep van 27 mense help om n vuurtjie aan die brand te kry toe hulle per ongeluk by ons kamp opdaag . Nog nooit het ek n klomp Vrystaters so vinnig sien kamp op – en afslaan nie!!!! En die Jordaans ry so vinnig dat hul skoon onder hul matras uitry.

Passarge Pan:

Weereens leeus en leeus en vangste en jakkalse en aasvoels en geelbek neushoringvoels en droe vlaktes en stof en stof en ....... toe raak ons water op.

Gelukkig was daar 2 brawe kampers wat bereid was om die ongeveer 2 ure se rit te onderneem na die enigste ( baie luukse) lodge in die geweste, Tau Lodge. Personeel hier is so uitgehonger vir geselskapenverteldatPassargenbaiegewildepanisom toeriste heen te neem aangesien daar altyd iets gebeur. En soos die lewe maar is , word hulle (die waterhalers) beloon met NOG leeus oppad.

Ons Vrystaters was uit die veld geslaan toe daar elke nou en dan n cheeta in die kamp insluip.Soms met oulike skoene en soms met n handsak.... Dankie vir die vermaak Marnus!

Tommie het n munisipale werker n geleentheid gegee, maar omdat die ou so lui was het ons hom afgelaai. Ons het immers ons eie werkers ingepak ,o.a. De Villiers , Etienne en Andre wat elke dag bitter fluks was .

Elkeen kon maak wat hy wil - le en slaap of rondry en diere soek of met ander sit en kaartspeel.Ons het net die drawwery en lang ente stap vermy. Etes was heerlik , meestal beplan en gemaak deur Mirna en Wikus,maar niks kon gebeur voor die jong manne (Andre, De villiers, Bus ,Etienne en Wikus ) nie n groot boom (stomp) nader trek vir die aand se geselligheid nie. Ons het heerlik geeet en soms laat sit en kuier om die vuur - totdat die jakkalse kom beentjies haal het of totdat jy n leeu hier naby jou

tent hoor brul.Gewoonlik trek jy net jou gesig soos n handdoek of n kar en die leeu los jou uit. Maar indien nie, MAAK jy vir jou tent.!!! Steeds was elke kampplek net beter as die vorige een.

Toe ons vroeg die laaste oggend vertrek , kry ons ons laaste verrassing: NOG n trop leeus!!! Ons is uit by Xade hek , een uur laat vir die grenspos en na n boete vir laatwees is ons deur Bray grenspos. Vryburg se sagte bed en stort en Spur was so lekker soos nog. Na 1 300 km vir een dag waarvan baie net teen 40 km / uur rybaar was, het ons diep geslaap..... Toe "home – sweet home".

Botswana sien ons beslis weer!

*~Adri Fenwick*








# GAT Fees Program: Paintball

*Health & Safety*

Kids have no sense of fear and being parents ourselves we appreciate the need and knowledge for safety. We take the health and safety of our Children very seriously.

*Target Paintball Shooting*

If you think you have a great aim or fancy yourself as a bit of a Rambo, either add paintball target shooting to your child for the day (age 6+) or just turn up and have a great time

We have 10 guns, available for the target shooting in the day of the GAT fees truly make you the envy of your mates.

- Target Paint Ball Shooting - up to 8 kids
- Guns will be for free only pay for the Paintballs that will be R0.50, per ball.

Minimum of 10 participants (5 a side).
This includes:

- Hire of guns R50.00 per gun if you do not have your own.
- This is for the whole day game.
- 500 paintballs depend also on make of paintballs.
- White box balls=R70.00
- Slasher = R80.00
- Tree two = R90.00
- Full equipment hire / or your own equipment
- Air will depend on size of the Bottle for refuel
- 09oz / 12oz = R15.00
- 20oz = R30.00

Paintball is the ultimate adrenaline game. It's an exciting game where players hunt their opponents while be hunted by them. Paintball is a game of elimination, when a paintball breaks on player it signals elimination. Paintball players attempt to shoot out / elimination the other team using paintball guns to mark them .The game of paintball requires proper eye protection be worn at all times .Paintball is safe and exciting adrenaline packed game for people of all ages.

RECREATIONAL:

- For players are just looking for a fun weekend
- Usually players are separated based on skill. Allowing a more un experience
- Family friendly atmosphere makes it enjoyable for players of all ages.
- Basic equipment is suitable for use recreational paintball

*TACTICAL:*
- Mission orientated military simulation often involving role playing.
- Most players wear MOLLE and tactical playing gear.
- Usually players on large courses with hundreds of players with continuously play

*TOURNAMENT:*
- Competitive fast moving paintball on small courses.
- Tournaments are held around the nation using various speedball game formats.
- High end tournaments gear is commonly seen on the speedball course.

Paintball are a small gelatin-filled sphere, filled with a non-toxic, water soluble paint mixture. Once shot from a paintball specific gun, or marker the paintball will break on target, releasing colorful paint that shows that a player has been eliminated.The following four features determine the quality and accuracy of any brand of paintball.



# Waving Into The Future Mohorare Community Radio Station

For long enough, the absence of a communal interaction medium has not only been a barrier of communication but has also been a cause of a number of misunderstandings and a back pedal in our municipality. The use of loudhailers, letters and boards has not been enough to reach our ever-increasing population. But all this is nearing its end as a new project isnearing its launch. The formation of a new project known as MOHOKARE COMMUNITY RADIO STATION is expected to take municipal and communal communication to a whole new level.

*How it started*

It all started in 2007 as a concept by a group of young people from Zastron. These young people saw a need to establish a communication platform to engage on issues such as employment, Health issues, developmental issues, problem-solving, updating each other on current affairs in and around the area etc. these young people then registered the company as a section 21 (non profitable). All these were done with the help and consultation of various stakeholders and bodies including Media Development Diversity Board (MDDA) and other local community stakeholders including the local municipality council.

*Status Quo*

The initiative has undergone a number of stages including the feasibility study which was conducted by SENTECH and has been granted a frequency of 97.7. The licence provision stage has also been completed by ICASA. The department of social development has also granted the NPO status to the radio station. The Thusong Community Centre has provided a secure place as a venue for the radio station.

The radio station also has a board directing and managing it and it is headed by Mr Van Niekerk (dept of labour).

The radio station has one volunteer employee (Velile Sani) at the moment and cannot appoint any other employees or purchase any equipment as it is still awaiting the MDDA for funding projected for June-July 2012.

*Future Aspirations*

The station's launch and operation will have great socio-economic impact. This will include job creation. It will also provide a proper platform for the youth and elders from different backgrounds, race and religion to engage each other and help them to even understand each other's differences. It will also help local business and organisations to advertise cost effectively.

For any enquiries, assistance, donations and advice please contact Velile Sani the station manager on 079 744 9443

*~Biko Monyatsi*



*Velile Sani (Station Manager)* *Photo: Supplied*

6 Die Groot Vet Ribbok.

Op 'n bloedige warm dag, staan ek teen my huis en kyk met my wonderlike verkyker na Aasvoëlberg. Onder die krans sien ek 'n reus van 'n ribbok in die koelte staan. Gou gaan haal ek ou Sterloop en laai dit met 'n stywe skoot. Ek korrel na die kop van die bok en brand los, maar snaaks, die bok swaai net sy kop liggies eenkant toe en staan weer doodstil.
Ek skiet nog 'n keer, maar dieselfde gebeur weer. Sou die wind die koeël van koers af waai? Ek bestudeer weer die bok goed met die verkyker en sien toe blou-vaal koeëlmerke op die horings. Dit was 'n slim bok! Net soos hy die blou kruitdampe van die pan sien, swaai hy sy kop netjies en slaan die koeël weg.
„O nee," sê ek, „jy sal my nie uitoorlê nie!"
Ek laai weer, steek my pyp op en vat toe korrel. In plaas van vuur, blaas ek eers 'n blou damp rook oor die geweer. Die bok swaai sy kop en toe hy dit terugtrek, skiet ek voor hy weer sy horings kon swaai. Die koeël is voor sy kop in en daar lê hy.

In die skroeiende hitte bestyg ek die berg. Naby die bok was ek so uitgeput dat ek sommer onder 'n koeltebos gaan lê. Spoedig was ek vas aan die slaap. Hoe lank ek geslaap het weet ek nie, maar toe ek wakker word, voel ek dat ek aan't afdryf was teen die berg. Die bok was geweldig vet en met die bloedige hitte het sy vet gesmelt en deur die koeëlgat uitgestroom en my so teen die berg afgespoel!"

*Geskryf deur: Pietie Fonternel*

# "Among my Souvenirs" (1)

HAT en Oxford woordeboeke beskryf 'n soewenier as 'n voorwerp wat jou aan iets of iemand herinner. Vir my, egter,vertel dit 'n storie – 'n storie van die plek waarvandaan dit kom.Nostalgies, treurig, opwindend, maar 'n storie waarin ek elke oomblik van daardie plek herleef.

As ek tussen die honderde soeweniers in my Taverna Venezia stap word ek omvou deur 'n ander wêreld – 'n wêreld wat die werklikheid van die vreemde na my terugbring.Om elkeen is 'n verhaal geweef –'n verhaal wat my wegvoer na daardie plekke waar dit my voorreg was om my voetspore te laat- om te herleef, die onmoontlike droom wat waar geword het.

Bokant die kroeg, netjies gemonteer, hang 'n stukkie sement pleister ongeveer 2X3 sm met 'n stempel daarop , daarnaas 'n eenvoudige stukkie klip. 'n Doodgewone stukkie sement?Nee, dit is afkomstig uit Berlyn in Duitsland en is 'n deeltjie van die berugte Berlyn Muur wat Oos en Wes Duitsland geskei het. Die klippie kom van die Brandenburg Hek wat die enigste deurgangspunt tussen die twee lande was.

In 1949 het Oos Duitsland 'n Kommunistiese Staat geword.Die Duitse Demokratiese Republiek(DDR) het tot stand gekom. Tot 1961 het meer as 3 miljoen hoogs opgeleide mense die DDR verlaat. Die ekonomiese ineenstorting van die land was onvermydelik. Op voorsteel van 'n lid van die Politburo, Erich Honicker wat later president van die DDR sou word, is daar besluit om 'n muur te bou wat sou verhoed dat meer opgeleide mense die land sou verlaat. Die muur is gebou – Wes Berlyn is omring – 'n eiland in 'n komunistiese see. Met 'n totale lengte van 155 Km.en 'n hoogte van 4 meter het dit aan die bokant 'n ronde gedeelte soos 'n pyp gehad.Dit was om te verhoed dat iemand daaraan 'n houvas kon kry.

In die "Checkpoint Charlie" museum is honderde voorbeelde en fotos van hoe mense uit Oos Berlyn ontsnap het. Besoeke van J.F.Kennedy, Ronald Reagan en Kroetsjef word vertoon. Selfs die mislukte opstamnd van 17 Junie, waar mense met klippe na Russiese tenks gooi, kan gesien word – daar is selfs 'n straat genoem 17 Junie.

Na reuse betogings en opstande word Honicker geforseer om te bedank – op 9 November 1989 val die muur.Die Brandenburg hek word oopgegooi.

'n Paar jaar later stap ek met die beroemde "Unter den Linden" straat tot by die Brandenburg hek – loop daardeur. Nou is ek in Wes Berlyn, staan op die plek waar die Muur geloop het.

Plek-plek is daar oorblyfsels van die muur – daar gelaat om almal te herinner aan die 28 jaar wat 'n volk geskei was. Kunstenaars, sommige beroemde skilders, het hulle kunswerke op die westekant daarvan aangebring.

Die voorbeeld wat ek het is behoorlik gestempel en gesertifiseer dat dit van die oorspronklike Berlyn Muur af kom en word teen een Amerikaanse dollar aan toeriste verkoop.So het die berugte muur dan ook 'n inkomste aan Berlyn verskaf.

Besoekers is welkom om hierdie stukkie muur in my Taverna Venezia te kom besigtig.

*~Alex Van Rensburg*



*Die stukkie van die Berlyn Muur is in my Taverna Venezia te sien* *Foto: AvR*




*'n Deel van die muur wat bewaar is met sy skilderye.* *Foto: AvR*



*Voor die Brandenburg Hek – die enigste ingang tussen die twee lande.* *Foto: AvR*

**A clever person solves a problem.
A wise person avoids it.**
- Albert Einstein

DU PLESSIS
Vee & Vervoer
Koop en verkoop asook vervoer van lewende hawe.
DIENS IS ONS LEUSE!!
Kobus: 082 577 1936 | Oubaas: 082 562 7774
Abrie: 082 411 5088

**Be wiser than other people if you can, but do not tell them so.**
- Lord Chesterfield

Zastron Slaghuis
Anton en Leon Scorrano

U VARSVLEIS-VERSKAFFER
Nou in voorraad
Silwer skoon
gekrapte skaap afvalle
Presto Aquabita Servizio • Vinnige betroubare diens
Faks en Tel. 051 673 1020/673 1331
Hoofdstraat 25, Zastron
Na ure - 051 673 1534 of
051 673 1560

# G.A.T.Fees – HOEKOM?

Die afgelope 2 jaar was dit my "voorreg" om deel te kon hê aan die organisasie en reël van ons fees. Saam met die lekker was daar ook minder lekker oomblikke en na die afloop van 2011 se G.A.T.Fees, het ek elke stukkie kritiek baie persoonlik gevat. Kritiek het gekom uit oorde wat ek die minste verwag het en ook vanaf mense wat nie eers die fees bygewoon het nie. Gelukkig was daar ook diegene wat minder hard was op my ego.

Nou staan ons weer aan die vooraand van ons 2012 fees, en as gevolg van baie mense se opinies en vrae oor die fees, het ek dit goed gedink om almal net weer te herinner hoekom ons G.A.T.Fees hou.

Die Zastron G.A.T.Fees het onstaan as 'n inisiatief van ouers van die Hoërskool Zastron om 'n fondsinsameling te hou met die doel om finansiële hulp te verleen aan die skool. Met die besluit op 'n naam, is die gat in Aasvoëlberg gebruik as 'n beginpunt – die oog wat so 'n bekende baken van Zastron is. Maar die G.A.T staan ook vir heeltemal iets anders en juis daarom word dit op 'n spesifieke manier geskryf.

G – Gees
A – Atmosfeer
T – Teenwoordigheid

Na 'n onlangse vrouekamp het die G.A.T. egter vir my nuwe betekenis gekry, nl God Alom Teenwoordig. En ja, hoekom kan Hy nie ook teenwoordig wees by ons fees nie, Hy het ons immers die talent gegee om te doen wat ons doen.

Na 6 jaar het die fees egter gergroei in 'n volwaardige fees waarby die hele gemeenskap betrokke is. Die hoofdoel van die fees is nogsteeds om fondse in te samel vir Hoërskool Zastron, met die betrokkenheid van ander instansies wat stalletjies het en ook blootstelling ontvang op sport- en kultuurgebied. Die Zastron G.A.T.Fees moet die een geleentheid op ons kalender wees waarna ons almal uitsien. Dit skep 'n platform vir elkeen wat kreatief is om sy ware te kom uitstal, vir die dorp en gemeenskap om reisigers en feesgangers in ons pragtige omgewing te verwelkom.

Dis 2ons as Feeskomitee se wens dat Zastron G.A.T.Fees volhoubaar sal wees en dat ons almal, of jy nou ouer of besigheidsman of kind of pensioenaris is, sal hande vat om ons fees 'n sukses te maak. En voor jy volgende keer kritiseer, dink bietjie aan al die harde werk en beplanning wat ingesit is om die Zastron G.A.T.Fees vir jou daar te stel, jy moet net die geleentheid aangryp en kom feeshou saam met ons.

Feesgroete

Rolaine Grobbelaar
(0762131544)

GERARD CULHANE PROKUREUR / ATTORNEY
[VAT / BTW: 4810151607]

28 REX STREET/STRAAT 28
ROODEPOORT, 1725

TEL: (011) 760-1090/1
FAX/FAKS: (011) 760-2869
FAX/FAKS: 086-651-5122

POSBUS/P O BOX 1220
ROODEPOORT, 1725

EMAIL/E-POS: culhane@mweb.co.za

DOCEX: 35, ROODEPOORT

**SQUARES**
**LEGAL ADVERTISEMENTS**

**PER EMAIL :** squares@mweb.co.za

**Our Ref/Ons Verw: E TAYLOR/GAR231**

"KINDLY QUOTE OUR REFERENCE NUMBER ON ALL CORRESPONDENCE"
"GELIEWE MELDING TE MAAK VAN ONS VERWYSINGS NOMMER OP ALLE KORRESPONDENSIE"

**29 JUNE 2012**

Dear Sir / Madam

RE: ESTATE LATE W B ROOS – ESTATE NO : 29304/2011

We refer to the above matter and would appreciate it if you could kindly publish the enclosed Notice to Creditors in Deceased Estates in your edition of Friday . once only. Kindly thereafter furnish us with proof of publication, for onward transmission to the Master of the High Court.

We have also taken the liberty of enclosing the Notice to be published in the Government Gazette on the same day, and would appreciate it if you could kindly forward same to the Government Gazette.

We await to hear from you in due course.

Yours faithfully

Elismé Taylor

In assosiasie met B. JEAN HUGO, Ground Floor, Lifesure Building, 268 Voortrekker Rd, Krugersdorp - Gerard Anthony Culhane B. Iuris L.L.B (Unisa)

NOTICE TO CREDITORS IN THE ESTATE OF THE LATE DENNIS ELDRID CHANNER
ID NO : 2002075011084 OF HUISVERGESIG OLD AGE HOME, ZASTRON
ESTATE NO : 29304/2011

All creditors and Debtors of the above-mentioned Estate are hereby called upon to lodge their claims or pay their debts to the Executor at the under mentioned address within a period of 30 [thirty] days of date of publication hereof.

GERARD ANTHONY CULHANE
The Executor
28 Rex Street
Roodepoort
P O Box 1220
Roodepoort
1725
Tel : (011) 760 – 1090
Ref : Mr Culhane/Elisme/GAR231

In assosiasie met B. JEAN HUGO, Ground Floor, Lifesure Building, 268 Voortrekker Rd, Krugersdorp - Gerard Anthony Culhane B. Iuris L.L.B (Unisa)

J193

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the undermentioned estate must lodge it with the Executor concerned ***within 30 days*** (or as indicated) from date of publication hereof.

TO BE TYPED

A. Estate No. 29304/2011 Master's Office JOHANNESBURG
Surname ROOS
First names WILLEM BENJAMIN
Date of birth 1920/02/07 Identity No. 2002075011084
Last address HUISVERGESIG OLD AGE HOME
ZASTRON
Date of death 2008/11/13

B. Only applicable if deceased was married *in community of property/subject to the accrual system
First names and surname of surviving spouse AMADA WILHELMINA ROOS
Date of birth 18/03/2030 Identity No. 3003180273089

C. Name (only one) and address of Executor or authorised agent GERARD CULHANE ATTORNEYS
28 REX STREET, ROODEPOORT

D. Period allowed for lodgement of claims, ***if other than 30 days***

E. Advertiser and address GERARD CULHANE ATTORNEYS
28 REX STREET, ROODEPOORT

Date Tel No. 011 760 1090

Publish in the Government Gazette of

* **Delete if not applicable.**

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

GETCET
QUALITY CLOTHING

**GETCET bied u klerasie vir ALLE geleenthede van n braai tot 'n formele funksie, matriekafskeid of troue.**
**Getcet Bloemfontein spesialiseer in geleentheidsdrag, doen gerus navra by Matilda in Zastron.**
**Verstelwerk aan klereasie nou ook 'n diens wat GETCET aan u lewer.**
**Hou ons vensters dop vir spesiale aanbiedings.**

**GETCET ZASTRON/ BLOEMFONTEIN**



Aavoëlberg



NG Kerk - Zastron

# 'n Klipgooi ver – Zastron:

# ZEWE ZOORTE HEMEL

Zastron lê knus aan die voet van Aasvoëlberg, en is net 'n klipgooi van Lesotho se grens af. In 1876 is dié Suid-Vrystaatse dorp amptelik na President Brand se Poolse vrou, Johanna Sibella Zastrauw, vernoem.

Hierdie prentjiemooi dorp was honderde jare vantevore die tuiste van 'n Boesmangemeenskap, wat in die omliggende sandsteengrotte gewoon het. Hul nalatenskap is steeds vandag sigbaar in die vorm van rotstekeninge. Viervoetiges soos springbokke, blesbokke en hartebees het intussen hierdie gebied hul tuiste gemaak.

Wanneer jy Zastron besoek en by die gewildste gastehuis op die dorp – Die Ou Stal – oorbly, sal die eienaar, Piet Labuschagne, jou vir ure vermaak met sy staaltjies en vertellings van sy geboortedorp. Sy vrou, Zenobia, na wie hy heelhartig en liefderyk as sy "Blom" verwys, bederf al wat 'n besoeker is met 'n bord regte, egte boerekos en 'n tikkie moederlike gemoedsrus daarby. Piet vertel dat Ladybrand, wat neffens Zastron lê, na President Brand se ma vernoem is, en dat Suid-Afrika se eie ruimtereisiger, Mark Shuttleworth, se familie boorlinge uit Zastron se wêreld is. "Pik Botha, die destydse minister van buitelandse sake, stam uit die oorspronklike eienaars van Zastron – die De Winnaars."

Piet vertel dat die ene Reynier Petrus, wat een van die twee oorspronklike boere in die omgewing was, tydens 'n jagtog die "duiwel" op Aasvoëlberg langs die dorp raakgeloop het. "Hy het altyd vertel dat die duiwel na sy stok – wat sy geweer was – gewys het en gevra het wat dit is. Toe antwoord Reynier dat dit sy pyp is." Om 'n lang storie kort te maak, sê Piet, het hy die duiwel genooi om aan sy "pyp" te suig, en toe skiet hy die duiwel se kop af. Vandaar die kenmerkende gat of "oog" in die berg, wat op sy beurt weer tot die benaming van Die Oog-kafee en die Gatfees op die dorp gelei het. Die gat in die berg is ook as 'n nie-amptelike embleem deur Zastronners aangeneem.

Die meeste Bloemfonteiners sal Zastron uit hul skooljare onthou as die tuiste van die gewilde Buitelugskool. Vandag staan dit bekend as die Aasvoëlberg Buitelugsentrum. Nie net kinders kan hier hul jeugdige voete kom vind nie – enigiemand wat lief is vir die buitelewe en adrenalien wil najaag kan 'n draai maak. Daar is 'n hoëtoubaan, rotsklimfasiliteite, bergklimroetes en



Die bekoorlike landskap van die omgewing



Sneeu in Zastron



Die rustige state van Zastron




Die bekende "Oog" in Asvoëlberg

**Zastron is 'n juweel in die hartjie van die Vrystaat** – waar die koue behoorlik in jou gebeentes kom posvat, maar waar die warm harte van die Zastronners dit vinnig laat kwyn. Dis hier waar die buitelug ingedrink moet word, en die ryk geskiedenis en innemende gemeenskap Zastron 'n móét-sien dorpie maak. *Get It* se **Lani Fouché** het gaan kuier.

ander spanbou-aktiwiteite. Mayaputi Privaatnatuurreservaat bied ook 'n ruskans vir moeë siele en 'n kans om Zastron en omliggende landskappe in al sy glorie te beleef. Ook dáár kan jy jou vierwielmotorfiets of viertrekvoertuig op natuurskone roetes neem.

Piet sê Zastron is veral bekend vir sy gasvrye inwoners en lekker boerekos, wat in al wat 'n kombuis is op die stoof prut. Dit beleef 'n mens ook eerstehands wanneer sy vrou, Zenobia, se etenstafel kreun onder die gewig van rys, vleis en aartappels. Op die dorp kan jy jou hongerpyne stil by die prettige Kotteljonsie, Nel's Restaurant of Die Oog-kafee.

Piet kan jou ook ure besig hou met sy geografiese vertellings oor hoe die gebied ontstaan het. "Min of meer 350 miljoen jaar terug het Afrika, Suid-Amerika, Australië en Antarktika van mekaar weggeskuif. Dit het hoë sandduine tot gevolg gehad. Toe die lawa van die vulkane oor die sand loop, het sandsteen ontstaan. Die meeste daarvan is aan die voet van Aasvoëlberg."

Almal is goedgesind teenoor mekaar. Die liefde is in oorvloed hier. Kom kuier, en ons sal dit oor al die gaste uitspoel."

Die Vrystaat, vertel Piet, is eintlik die begraafplaas van die dinosourusse, en 'n mens kan baie van die bewyse daarvan in Zastron self beleef. "Min mense weet dat daar bo-op Aasvoëlberg, in 'n kranskop, 'n dinosourusfossiel is." 'n Groep skoolkinders, wat tydens 'n museumuitstappie die berg en die fossiel besoek het, het toe 'n groot ontdekking gemaak. "'n Seun van hierdie groepie het 'n visfossiel in die kranskop raakgesien. Dié is nou in die Nasionale Museum in Bloemfontein."

Zastron Hoërskool staan ook nie terug as dit kom by sport nie. Altesaam sewe seuns van Zastron is vanjaar in die SA Plattelandse skolespan ingesluit.

Maar waarvoor is Zastron bekend? "Die goeie verhouding tussen die mense," sê Piet sonder om te skroom. "Almal is goedgesind teenoor mekaar. Die liefde is in oorvloed hier. Kom kuier, en ons sal dit oor al die gaste uitspoel."



Die bekoorlike landskap van die omgewing



Sneeu in Zastron

# A Ghostly Christmas Eve in London.

Already dark,it is early evening in the heart of an English Winter. Mist swirls in from the river Thames, a soft drizzle falling. Now and then a few delicate snowflakes caress my cheeks as they gently float to the ground. Street lights, like ghostly eyes, stare at me out of the gloom. The screech of a foghorn , almost like the wail of a forsaken soul, echoes from the river. Around me bells are chiming, many voices singing Christmas carols. This is London, midwinter, Christmas Eve 1996 – surely a night for Ghosts !

A short walk from my hotel , just off Old Brompton Road, I discovered the Brompton Cemetery, burial place of many famous people, including the famous tenor Richard Tauber. Being in the mood for Ghosts, I decide to go in and explore!

Very much neglected , weeds, long grass and wild flowers abound. Ancient tombstones, like drooping spectres,seem to float around in the mist.With the snowflakes now falling faster , it has become darker. I pause before one of the several large tombs with its glass door on the side . Only cobwebs cover the inside of the glass , rust of many decades having almost solidified the lock and handle.

Moving on to the next tomb, I can faintly decern the name "Morgan" at the top. Gently I try the brass knob. As if well oiled it turns in my hand. Creaking , the door slowly opens as I push it inwards. Adrenaline pumping , cold shivers play hide and seek down my spine. Eyes trying to pierce the darkness I brush the cobwebs aside. Entering the tomb I am greeted by the musty smell of death and decay. Suddenly the darkness is replaced by a strange, bluish, ethereal light.

Everything around me is clearly visible , old coffins covered by dust of many years. I move to the centre of the tomb—amazingly the musty smell has changed to the sweet smell of fresh roses—then I see her—a beautiful young girl about twenty years old. In one hand she holds a blood red rose, in the other a tiny lace handkerchief with which she is wiping tears from her eyes. She moves, almost floats , towards the door, the tears making way for a smile. Like a wraith she moves through the doorway , disappearing into the mist - a bird freed from its cage.

Around me the light has faded, darkness has descended on the tomb. Hair standing on end I stumble through the doorway , not even bothering to close the door. Through the graveyard, out into the busy London street. The chimes of the bells , the Christmas carols, bring me to my senses---back to earth .

Overwhelmed by curiosity, I return to the cemetery the next morning, making my way to the tomb of the Morgans. I can now read the inscriptions at the top. One entry especially catches my eye - "Shirley Morgan , born 10th January 1876 , died 24th December 1896, beautiful young girl who died on Christmas Eve one hundred years ago.

I move to the glass door of the tomb. Staring in wonder I find no sign that this door had been opened. The handle and knob, rusted so fast that it could not be moved , the cobwebs on the inside undisturbed , like golden threads strung through the spectrum of time.

Amazed I turn around , take my leave of this eerie place. Had it all been a dream? Something in the bushes catches my eye. I go nearer, stooping to look closer. Half hidden in the grass lies a faded red rose. Next to it, a tiny lace handkerchief . I pick it up, feel its softness and in one corner, embroidered in a dainty hand, simply the monogram - "S.M".

*~Alex Van Rensburg*



*The Photo shows a dark and misty London with St.Pauls Cathedral in the background.* *Photo: AvR*


# Zastron Forum Kennisgewing

## Ledevergadering

**Wanneer:**
17 September 2012 om 18h00

**Waar:**
Rolbalklub Zastron

**Wie:**
Elkeen wat die belang van ons dorp op die hart dra

**Navrae:**
Tossie Smith, Tel: 082 571 5159

# Zastron Forum & droomdorp nuus:

*Ledegeld:*

'n Beroep word op ons lede gedoen om die jaarlikse ledegeld te betaal.

*Forum bedankings*

1. Free State Transformers in Bloemfontein vir die skenking van ongeveer 70 olie dromme
2. Du Plessis vee vir die vervoer van die dromme en die vervoer van die teer
3. Douglas en Francis MacKay vir die maak van die kos by die bikers for Mandela Dag
4. Oom Arend en Tannie Lintie vir hul hulp met die administrasie van die spesiale bikers dag
5. Elkeen van die kliniek wat op die bikers dag gehelp het met die uitvoer van die planne.

*Herwinning:*

'n Herwinningskomitee is gestig wat die volgende mense insluit: Ntsoaki Mokati is die voorsitter. Daniel Majenge, Danie Marais en Betsie Pieterse is betrokke. Heelwat herwinning word beplan en ons sal op hoogte gehou word.

Glas word ook in Smithfield herwin. Die glas word so fyn gemaal dat dit glad nie meer sny nie en word dan in trapblokke en ander stene verwerk. Dit word by Buckley's gedoen.

*Vullisdrom kompetisie:*

Al drie hoërskole word deur die ATKV uitgedaag om elkeen ongeveer 20 dromme te verf. 'n Heerlike kontant prys word aan die wengroep gegee. Gee solank 'n gedagte aan wie jou groep is en hoe julle jul drom gaan verf.

*Voertuie:*

Dit wil voorkom dat daar 'n probleem is met die voertuie wat vir die munisipaliteit bekom moes word. Ons hou julle op hoogte van vordering.

*Rugbyspanne:*

Die rugbyspanne van Hoërskool Zastron het die uitdaging aanvaar om die gate te grawe vir die bome wat in die park geplant gaan word, en ook by die Matlakeng kliniek. Baie dankie julle ouens.

*Black Wattles:*

Landcare het begin om die black wattle bome af te saag en gif te spuit. Dit word deur departement van Landbou beheer.

*Tuin voor die stadsaal:*

Die Tuinbou klub het die uitdaging aanvaar om die roostuin voor die munisipaliteit te help bevorder en onderhou. Die rose word om Saterdag 4 Augustus 2012 deur die tuinbou klub gesnoei.




**NAUDE EN RADEMEYER BK h/a**

**ZASTRON APTEEK/PHARMACY**
**Reg nr: 2004/014393/23**

Posbus 400
Zastron
9950
Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A
Zastron
BTW nr.: 4240203770
E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS VERANTWOORDELIKHEID!

YOUR WELLBEING IS OUR RESPONSIBILITY!

PC Naude

Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

BKB HANDEL

# HANDEL

## ALGEMENE BESTUUR LEERLINGSKAPSGELEENTHEID

Die leerlingskap in die Handelsafdeling is 'n geleentheid om van ons eie permanente werknemers sowel as eksterne werklose kandidate te ontwikkel. Die opleiding fokus op 'n Algemene Bestuurskwalifikasie op NKR-vlak 3. Kontaksessies van 3 tot 5 dae elk sal maandeliks plaasvind en bestaan uit teoretiese klasse, praktiese sessies, opdragte, selfstudie, ens. Tussendeur die opleidingsessies sal posbekleërs voortgaan om werk, in die handelstak aan hom of haar toegeken, te verrig om sodoende praktiese ondervinding op te doen. Werklose kandidate is gewaarborg van werk vir die duur van die opleidings tydperk. Permanente kandidate bly steeds in diens van BKB nadat die opleiding voltooi is.

**HANDELSTAKKE WAAR KANDIDATE BENODIG WORD:**

**<WERKLOSE KANDIDATE x 6**

- Zastron
- Steytlerville
- Phillipstown
- Philippolis
- Hanover
- Willowmore

Voorkeur sal gegee word aan kandidate vanuit bogenoemde gemeenskappe.

**<PERMANENTE KANDIDATE x 7**

- Caledon
- Amersfoort
- Springfontein
- Machadodorp
- Wolmaransstad
- Cedarville
- Richmond

BKB HANDEL

**SLEUTELFUNKSIES**

- Bemarking en verkope
- Voorraadbeheer
- Rakversorging
- Winkeluitleg
- Administratiewe verantwoordelikhede
- Uitstekende kliëntediens

**VAARDIGHEDE**

- Goeie menseverhoudings
- Goeie kommunikasievaardighede
- Goeie interpersoonlike verhoudinge
- Akkurate syfervaardighede
- Tweetalig (Afrikaans / Engels)

**BEVOEGDHEDE**

- Bereidwilligheid om te leer
- Kliëntgefokus
- Bereidwillig wees om oortyd te werk
- Hantering van moeilike kliënte
- Uitpak en uitstalling van voorraad

**KWALIFIKASIES**

- Graad 12 (verkieslik met wiskunde)

**ONDERVINDING / KENNIS**

- Relevante ondervinding sal as aanbeveling dien.
- Kennis of ondervinding kan nuttig wees, maar is nie 'n vereiste nie
- Produkkennis van landboubedryf sal voordelig wees.

**Faks CV vir aandag Ronell Human by faks no: 086 557 1054**
**of 041 503 3031**
**of e-pos ronell.human@bkb.co.za voor of op**
**8 September 2012**

*BKB IS VERBIND TOT INDIENSNEMINGSPRAKTYKE WAT REGSTELLENDE AKSIE BEVORDER EN SODOENDE SAL DIE BETROKKE BELEID OORWEEG WORD TYDENS KEURING*

# Zastronner van die maand

## Oom Jan Kleinhans

Oom Jan, baie dankie dat oom ingestem het tot 'n onderhoud met ZASTRONNER. Ons almal hier in Zastron ken oom en tannie Marthie goed, maar ons sal graag meer van julle wil weet.

1. ***Waar is oom gebore?***
   - Burgersdorp

2. ***Waar het oom skool klaargemaak?***
   - Burgersdorp van Sub A tot Matriek

3. ***Hoe lank woon oom al hier in Zastron?***
   - 37 jaar en ek wil nie in 'n ander dorp bly nie.

4. ***Wanneer is oom en tannie Marthie getroud?***
   - 5 Februarie 1976

5. ***Waar het julle mekaar ontmoet? Was dit liefde met die eerte oogopslag? Moes oom darem bietjie werk vir die meisie?***
   - Ons het maar hier in Zastron ontmoet en ons het sommer aangetrokke gevoel tot mekaar. Ek het geweet sy gaan my vrou word.

6. ***Ons verneem dat oom lank vir die spoorwee gewerk het. Vertel ons asseblief wat oom gedoen het en was dit lekker?***
   - Ek het 34 jaar vir die spoorwee gewerk tot die stasie toegemaak is. Ek het in Lady Grey begin werk op 12 Maart 1962. Intussen is ek weermag toe vir 9 maande ( Oudshoorn en Grahamstad) en daarna het ek gewerk in Oos Londen, Bethulie, Burgersdorp, Molteno en Queenstown. Ek was klerk en later senior klerk in die kaartjieskantoor en later in die goedere kantoor. Dit was nie altyd lekker nie, maar daar was ook goeie dae.

7. ***Kan oom vir ons wat relatief nuut hier op Zastron is en die stasie glad nie beleef het nie, bietjie vertel van hoe dit gelyk het en vertel ons 'n snaakse storie of twee?***
   - Zastron stasie was een van die besigste stasies in die deel van die Vrystaat. Ek kannie die getal onthou nie, maar daar was baie personeel. Dit was die passesiersafdeling, goedereafdeling en die padvervoerafdeling. Hier het 4 passesiers en 3 goedere treine bedags aangekom en die padvervoer het Mohaleshoek, Quting, Sterkspruit en Mt. Moroosi bedien. Passesiers sowel as goedere. Daar was dieou wat moes afklim op 'n sekere stasie, maar toe verneem hy dat die trein nie by die stasie stil hou nie. Die kaartjieondesoeker besluit toe dat hy hom so in die ry by die trein sal uithou en sodra hy sy balans het sal hy hom los. So gemaak, so gedaan, maar net toe kyk die Kondukteur by die remwa uit en sien die man wat so langs die trein hardloop. So met die verby gaan, gryp hy die ou en trek hom terug in die remwa. " Amper mis jy die trein" sê hy toe vir hom... en daar is hy toe weer terug op die trein.

8. ***Wat was die voorloop van oom se dag?***
   - Dit was maar opstaan 6uur in die oggend, bad skeer en aantrek. 7 uur by die werk en dan maar die daaglikste takies afhandel. Eet ts 1 en 2 en af diens 5 uur. Dan maar ontspan voor die tv.

9. ***Watter trein is vir oom die mooiste?***
   - Definitief die Bloutrein

10. ***Hoeveel kinders het oom en waar is hulle in die wêreld?***
    - 2 Dogters, Zelna en Madelene en 1 seun Jaccques. Die dogters is in Bloemfontein en Jacques werk vir Eskom in Zastron en is getroud met Petra (van Dyk)

11. ***Nou vertel ons bietjie van oom se kitaarspelery. Waar het oom geleer om die kitaar so lekker te tokkel?***
    - Ek was 7 jaar oud toe 'n kleurling (Whitey) wat by ons in die tuin gewerk het, vir my 3 drukke op die kitaar gewys het. Daarna het ek myself verder geleer. Ek speel op gehoor en al my songs se woorde is in my kop, ek skryf nie die woorde neer nie. Ek is baie lui vir skryf.

12. ***Wat is oom se gunsteling tipe musiek?***
- My gunsteling musiek is Country musiek en ook enige mooi musiek. Net nie die gedoef doef van vandag se musiek nie.

13. ***Het oom met musiek grootgeword?***
- Ja, ons was nogal n musikale familie. My oupa het die boerekonsertina gespeel, my tannie die ou traporrel en ek en my broer kitare. Ons het deur die jare by baie danse gespeel sowel as troues.

14. ***Nou wil ons oom bietjie vra oor gholf en gholfers….Het oom ooit gholf gespeel?***
- Ek het nooit self gholf gespeel nie.

15. ***Dink oom gholfers is ordentlike, stemmige ouens wat ernstige sake bespreek?***
- Ek is nou al 16 jaar by die gholfklub betrokke en op die komitee en dit is van die beste jare van my lewe. Ek het hier baie vriende gemaak en ek moet sê van die ordentlikste mense om te ken. Ons bespreek landsake, sport, skinder so bietjie en lag baie.

16. ***Wat dink oom as oom so agter die kroegtoonbank na al die praatjies luister? Is dit vir oom lekker?***
- Dit is baie keer snaaks as ek so na die manne kyk en dink dat elkeen van hulle ook gesinne het en elkeen verskillende werke doen. Ek kan baie van hulle se stories vir jou vertel, want baie van die stories word oor en oor vertel. En as die manne van die baan afkom, dan hoor jy die een het goed gespeel en die ander een het nie te goed gevaar nie, maar dit is lekker om deel van dit te wees.

17. ***Oom Jan, wat dink oom is die geheim van n gelukkige lewe?***
- Ek sal sê eerstens moet julle lief wees vir mekaar, geen geheime hê nie en mekaar bystaan deur dik en dun, in voorspoed en teëspoed. Die belangrikste is dat die Here altyd eerste in jul lewe moet wees.

18. ***Wat sou oom graag wou wees as oom oom se lewe kon oorhê en waarom?***
- Miskien 'n bekende sanger en meer geleenthede in die lewe te hê. Want dit is vir my lekker om mense te vermaak.

19. ***Wat is oom se gunsteling kos?***
- Boerekos, soos my vrou dit voorberei, en dan natuurlik braaivleis, pap en slaaie.

20. ***Oom Jan, wat is een van oom se lekkerste herinneringe uit oom se jeug?***
- Die jare toe ek en my broer en twee van ons vriende 'n orkes gehad het. Ons het elke Saterda gaand in die ou Aliwal Hotel gespeel vir R20 per speller. Die Kersseisoen het ons by die bronne gespeel vir R50 per speller. Ek het ook nog rugby gespeel tot 1975 en ons het ook 'n gemengde hokkiespan gehad.

21. ***Ons verneem dat oom daarvan hou om 'n grappie te vertel. Vertel ons asseblief enetjie?***
- Die ou wat in die vroeë oggendure uit die kroeg kom en so slinger slinger die straat afloop. Daar kom toe toevallig van die teenoorgestyelde rigting ook 'n ou wat self lekker geswaai is. Toe die twee bymekaar kom, sê die een vir die ander een: "kan jy my sê hoe laat dit is?" 'Ja, sê die ander ou.' " Baie dankie" sê die een ou en slinger verder aan.
- Tweeanderouenskomooklekkergeswaaieenoggendvroeguitdiekroegendiestraatligskyninhulleoë. Die een ou vra die ander een of is dit die son of die maan wat so skyn.Nee ek weet nie sê die ander ou, ek het ook maar eers gister in die dorp aangekom.

***Oom Jan, baie dankie vir oom se tyd.***



# Lees Laissez faire

En?

Het enige van julle toe terug gekeer na meeste van ons se wortels en die Afrikana van Eugene Marais gaan gelees?

Met al die hedendaagse verbuigings en dialek van Afrikaans: babie, boks, nice en cool – ja, die woord "cool" is nou ook vervat ind die nuwe woordeboek van die Afrikaanse taal as trots Afrikaans, was Marais se suiwere beeldspraakryke Afrikaans weer vir my toonkrullekker! Ons kan gerus weer en meer by die meesters gaan leer.

(En ja, ek weet daar is heelwat te debatteer oor die "nuwe" Afrikaanse woorde soos in volksmond gebruik word, ek verstaan die groei en vernuwing en als, maar sjoe, LEES net Eugene M, dan praat ons weer! In elk geval 'n warm onderwerp vir 'n ander dag.)

Met "WAR HORSE" op die kassie beskikbaar, het ek besluit –gelukkig – om eers die boek te lees. Ek het nie eintlik besef dat Michael Morpurgo se boeke eintlik (of eerstens) vir kinders geskryf is nie. Hoe dit ook al sy, dit was 'n wonderlike lees-ervaring.

Joey is aan die woord. Hy vertel sy lewensverhaal. Joey is 'n perd en sy verhaal begin waar hy as vul op 'n veiling van sy ma geskei word. Als verlooop goed totdat die oorlog uitbreek en Joey moet gaan diens doen. Hy ontbeer slegte oorlog-op-sy-beste ervaringe.

Ek wil nie graag die res weggee nie, die storie is pragtig en heerlik om te lees. Die taal is eenvoudig – soos wat die verhaal deur die oë van 'n weerlose dier gesien word.Van hierdie fyn vertel-elemente het (volgens my) heeltemal verlore geraak in die fliek. Ek sal regtig aanbeveel dat jy dit slegs, of ten minste EERS lees voordat jy die fliek kyk.

En wat die HEEL beste is van ou Michael, is dat hy kon regkry wat ek in 'n dekade nie kon nie – my twee kinders LEES! Na WAR HORSE was hulle absoluut oortuig. En hy het 'n hele biblioteek vol boeke al geskryf. Die diere in AL die stories gee waarskynlik die deurslag. Wel, mnr Morpugo, as jy ooit iets van 'n Suid-Afrikaner nodig het, ek is DIEP in die skuld ……!



Maar moet asb nie dat ek jou laat voel dis kinderlektuur nie, jy kan dit gerus nader sleep een koue Sondagmiddag.

Lekker lees, dis amper heerlike lente!

(Of nie?)

*~Retha*

# Poeierkwas



## *Velverfrisser*

Laas maand het ons gesels oor hoe om die regte reiniger vir jou veltipe te kies. Die volgende stap in velversorging is jou velverfrisser. Dit is dikwels 'n stap wat uitgelaat word deur baie mense. Dit is egter die laaste stap in 'n volledige reinigingsproses. Dit is veral noodsaaklik as jy grimering dra aangesien die verfrisser die volgende funkies het:

- Dit verwyder alle oortollige grimering wat moontlik nog op die vel kon agterbly.
- Dit keer dat daar oortollige olies agterbly. (Beide oortollige grimering en olies kan die porieë verstop.)
- Velverfrissers herstel dan ook die vel se pH balans nadat die vel gereinig is.
- Sommige gevorderde verfrissers berei ook die vel voor om jou rome beter te absorbeer. (maar let wel – dis net sommige verfrissers wat hierdie funksie het- bel my gerus as jy navrae hieroor het)

*Hoe kies jy 'n goeie verfrisser?*

- Dit moet alkohol vry wees.
- Dit moenie jou vel stroop van sy natuurlike olies nie!
- 'n Verfrisser moet jou vel letterlik- soos die naam sê – verfris laat voel!

Groete tot volgende keer.

***Anlie (Carmé Velsorgkliniek, 082 934 35 29)***

# Thank You For Chess Sets

In response to my request for chess sets in The Zastroner of May, Mrs. Helene Snyman (Tannie Helene) phoned me and told that her daughter Mrs. Phialetta de Beer from Bloemfontein saw my request in The Zastroner and asked her to inform me that she has six chess sets she want to donate to the school. When the schools reopened I fetched the chess sets from Mrs. Snyman.

I thank Mrs. De Beer for her donation of the six chess sets to our school. Now our chess club can start practicing.

# Zastron Unity Donates Calculators To Lere La Thuto

Zastron Unity is a group of ex-Lere la Thuto learners who are living in Cape Town. The group consists of people who are from different occupations, varying from security officers to managing directors of companies. They started to get together as Zastroners to support each other when they have funerals in Zastron that they want to attend.

One night when they had a gathering one person came up with the suggestion that they have to support the school that has given them the opportunity to be successful in life. They then decided that they will look for donors to help the school with study resources. They went out to find donors who will be willing to donate to a school in a small rural town in the Free State. They found Ithemba Labs who donated 50 scientific calculators to Lere La thuto trough the Zastron Unity group.

A delegation of 3 from Cape Town visited Zastron to hand the calculators to the school. The delegation consisted of Mr. Mothata, who matriculated in 1993, Mr. Diba, who left Lere La Thuto in 1993 for another school and Mr. Galawe who also left Lere La Thuto in 1991 for another school, The delegation had two interactions with the school. On Thursday 19 July they met the educators during break. The reunion with Mr. Busakwe and Miss Posholi, who were already educators at the school in 1991, was a wonderful occasion. Another interesting point that was discovered during the delegation's visit is that 5 of the current educators were schooling at Lere La Thuto. On Friday 20 July the delegation came to hand the calculators to the school. Mrs. Salmon, SGB Chairperson received the calculators on behalf of the school from Zastron Unity. The calculators will be made available to learners taking Mathematics via a loan system.

The SGB and school are grateful that our ex-learners come forward with such initiatives to support the school and community. Thank you very much to the Zastron Unity and we hope that this is the start of more initiatives from other ex-learners of Lere La Thuto to help the school and community.



*The ex-Lere La Thuto learners and the 1991 educators Left to right: Mr.Busakwe (educator), Mr. Mothata, Mr. Galawe and Mr. Diba (ex-learners) and front Miss Posholi (educator)* *Photo: Supplied*



*The educators who are ex-Lere la Thuto learners and the Zastron Unity delegation From Left to right: Mr. Kamanga (educator), Mr. Diba (Zastron Unity), Miss Adoons (educator), Mr. Galawe (Zastron Unity), Miss Ngoqo (educator), Mr. Maqhubu (educator), Mr. Galawe (Zastron Unity), Mrs. Selememla (educator)* *Photo: Supplied*

***Knowledge speaks but wisdom listens.***

*-Jimi Hendrix*

# Lere La Thuto's Soloist Does Very Well

Putseletso Dondolo, Lere La Thuto's mezzo soprano soloist, participated in the Department of Education's National SYRAC Choir Competitions on 5 July 2012 in Randburg. She achieved fourth position in this competition.

It is the first time that a learner from Lere La Thuto participated on national level in this competition. From al the Free State choristers and choirs that participated in this national competition it was only Puseletso and the male voices choir from Welkom who achieved better than position five.

Lere La Thuto is very proud of Puseletso and her choir master Mr. Khahleli with this wonderful achievement. We would like to thank Mr. Khahleli for his hard work and hours of dedication that has spent with the different components of the choir.



*Puseletso Dondolo, the Mezzo Soprano Soloist, who achieved fourth position in the National Choir Competition* *Photo: Supplied*



*Mr. Khahleli, Lere La Thuto's choir master* *Photo: Supplied*

# Lere La Thuto's Netball Players Selected For Southern Free State Netball Teams

Two of Lere La Thuto's girls, Gloria Songame under 18 and Siphokazi Skele under 16, were selected for the under 16 and under 18 Southern Free State Netball teams.

Lere La Thuto is very proud of these girls. Congratulations to Gloria and Siphokazi and their coach Miss Ngoqo.



*Gloria Songame* *Photo: Supplied*



*Siphokazi Skele* *Photo: Supplied*

# Solis vir Christus

Vyf van Hoërskool Zastron se leerders het die groot voorreg gehad om op 29 Julie aan 'n sangkompetisie in Kempton Park deel te neem. Kruiskyk bied 'n program, Tienerzone aan, waar Antonie Bougas deur Suid-Afrika en Namibië toer om talent op die platteland te gaan soek.

Die sangkompetisie, Solis vir Christus, bestaan uit laer- en hoërskool leerders. Die leerders word reg oor die land bymekaar gemaak en neem dan deel aan die finaal. Dit is al die 5de reeks van die suksesvolle program. Die leerder wat as wenner by elke afdeling gekroon word, wen 'n CD kontrak van R70 000. Die naaswenners wen elk 'n enkelsnit opname.

Van Zyl Cronjé, Luzé Fouché, Keke Spyker en Antonie Lombard het Hoërskool Zaston se hoërskool afdeling verteenwoordig, en Mischa van der Berg die laerskool afdeling. Mischa van der Berg het gesorg vir groot opskudding met 'n tweede plek. Die hoërskool leerders het ook baie goed gevaar. Al die leerders is genader om gedurende die September vakansie aan 'n vakansie program vir talentvolle jong sangers deel te neem.

Die uitsending van Reeks 5 begin op 3 Augustus op Kruiskyk (besoek www.kruiskyk.tv om die instelling af te laai op jou DSTV dekodeerder) Dit is Vrydae om 17:30 en Saterdae om 08:00 te sien. Hoërskool Zastron se uitsending sal die 24ste Augustus uitgesaai word en die finaal 16 en 23 November.

Dankie vir almal se ondersteuning! Die leerders waardeer elke sms, oproep en stemme wat dmv smse gestuur is.



# Hoërskool Zastron hou 'n revuefees!

Soveel talent is lanklaas op een verhoog gesien! Hoërskool Zastron het op 3 Augustus 'n revuefees aangebied wat verskeie skole se talent aan die gemeenskap bekendgestel het. Hoërskool Koffiefontein, Martie du Plessis, Christiaan de Wet, Louw Wepener en Jimmy Roos het saam met Hoërskool Zastron die verhoog se planke los gedans!

Die gehoor is beloon met verskeie danse van 'gum boots' tot tradisionele danse tot 'Afrikaans is groot'! Elke kind het hul heel beste gegee en het dit verskriklik geniet. Ongelukkig kan daar net een wenner wees en die beoordelaars het 'n taai taak gehad om die beste groep te beloon.

In die grondslagfase het Hoërskool Zaston as wenners huis toe gegaan. In die intermediêre afdeling het Koffiefontein die trofee gevat met Hoërskool Zastron en Louw Wepener kort op hul hakke. Die hoërskool afdeling was ook 'n lekker taai toffie, maar Jimmy Roos het sonder twyfel die beste danspassies gelewer. In die 2de plek was Christiaan de Wet en 3de Martie du Plessis.

Baie dankie vir almal se ondersteuning! Dié revuefees was die eerste van baie wat nog voorlê. Tot volgende jaar en hou daai voete aan die dans!








# Samuel Johnson News

Ice capped mountains and freezing weather. Brrrr! Luckily the schools started a day before Madiba's birthday, and we could use the opportunity to work our bodies warmer. After a formal ceremony at our school, we hit the road in order to SERVE our community for 67 minutes and longer!

As usual, we were visited by very interesting people, who cares for us and our futures. Dr Marais - Kotzé from the Department of Health in Bloemfontein, visited us to explain what sexuality means, and how to keep ourselves healthy in order to reach our dreams.

No, we are not a fashion school YET, but some of our learners designed a beautiful dress, hand bag and a head band from PLASTIC BAGS! This is part of a "recycling"-competition by Mohokare Municipality.

21 public speaking learners have started the term with a bang, already taking part in two competitions. At the Mohokare competition we obtained two position 1's and two position 2's. Me Mbolekwa was honoured by Social Development for her years of involvement in public speaking, by handing her a certificate of dedication. Congratulations to you all!

No, we are not a fashion school YET, but some of our learners designed a beautiful dress, hand bag and a head band from PLASTIC BAGS! This is part of a "recycling"-competition by Mohokare Municipality.



*We started Mandela Day with the "Madiba song", lead by Me Esmé Smith and Me Majenge.*



*Me Mudzanani lead with "Nkosi S'ikele" Afrika".*



*Washing police vans, cleaning the police yard and buildings.*



*Sweeping the paving at the local SASA offices.*



*Me Esmé Smith and Me du Preez cleaning and re-arranging the pharmacy at the hospital.*



*Picking up litter in the hospital yard.*



*Tebello and Oregolele visiting Me O'Neil in the hospital's X-ray room*



*Helping in the kitchen of the "Huis Vergesig" old- aged home.*



*Me Smith and Me Qwaka assisting and having a chat with the elderly.*



*Me Sebehela and the girls washing blankets at the Helen Shaer Shelter.*



*Handing clothes to the babies in the shelter.*



*Mr Lephaila and the boys taking care of weeds at the Helen Shaer Shelter.*



*Dr Marais/Kotzé from the Department of Health.*



*Me Dangala, our model, Balisa, with a plastic bag-outfit, and Me Qwaka.*



*Me Mbolekwa, honoured by Social Development for excellent service in public speaking.*



*Me Mbolekwa and the four learners who have qualified for the Xhariep Public Speaking Competition.*

# Hoërskool Zastron Sport

## 0/16 RUGBY TEEN FRANKFORT

Die volgende seuns het aan dié toernooi vanaf 27 Junie – 30 Junie 2012 deelgeneem: Alden Roux, Van Zyl Cronje, Khotso Potsane, Stefan Nel, Molefi Kent, Peter Mackay, Tshepo Kent, Katleho Setlaba,Jomar Dippenaar, Dillan Erasmus, Sihle Spambo, Thato Kitsane, Janco Kruger. Baie geluk!

## ATKV – REDENAARS

Baie geluk aan Linda Sidzamba wat tydens die halfeindronde, 2de in die afdeling Hoërskool Seniors Eerste Addisionele Taal geeïndig het. Ons hou duimvas vir die finaal in Augustus. Baie dankie aan die ATKV-Zastron vir hul ondersteuning en hulp ten opsigte van die redenaars. Baie dankie aan mev. Anell Swart vir haar insette in dié verband.

## SOLIS VIR CHRISTUS – KRUISKYK EN TIENERZONE

Baie sterkte aan Mischa van den Berg, Van Zyl Cronjé, Antonie Lombard, Keke Spyker en Luzé Fouché wat op 29 Julie 2012 aan bogenoemde kompetisie in Johannesburg gaan deelneem.

## HOËRSKOOL NETBAL

Die 0/19 Xhariep netbalspan het vanaf 11 – 14 Julie 2012 aan 'n toernooi in Hennenman deelgeneem. Drie van ons dogters, Wilmie Greyling, Wilmé Smith en Luzé Fouché was ingesluit in bogenoemde span.

Twaalf spanne het aan die toernooi deelgeneem en die Xhariepspan het vyfde geeïndig. Die Xhariepspan het oorwinnings behaal teen spanne soos die Proteas (Bloemfontein), Cheetahs (Bloemfontein) en Goldfields. Ten spyte van gure weer (ysreën en sneeu) het ons kinders die toernooi baie geniet.

## RUGBY (Foto: Rugby)

Die 0/19-Suid-Vrystaatspan wat hierdie jaar na Reitz getoer het vir die VKB week, het groot opskudding veroorsaak. Ondanks die feit dat hierdie span die vorige jare as die melkkoei gesien is,het hulle hierdie jaar geskiedenis gemaak deur in die eindstryd teen die Vrystaat Kiewiete gelykop te speel. Die beste wat Suid-Vrystaat (voorheen Xhariep) by hierdie toernooi gevaar het, was om een wedstryd te wen. Die seuns het hul uitstekend van hul taak gekwyt en het uit 13 van Hoërskool Zastron se leerders bestaan. Hulle het ook teen Lynx en Oos-Vrystaat gewen. Van die 10 drieë wat gedruk is, is 8 deur van ons leerders gedruk.

Suid-Vrystaat hou die rekord vir die vinnigste drie wat in die geskiedenis van die toernooi gedruk is en dit is 13 sekondes vanaf die afskop. Baie geluk aan Hendri Roodt ! Hennie de Swart is aangewys as die beste flank en Wayne Slabbert is aangewys as die beste haker op die toernooi. Baie geluk ook aan John Muller (reserwe), Rikus Smit, Ruan Slabbert en A J Goosen wat saam met Hennie de Swart en Wayne Slabbert in die Vrystaat Plattelandspan opgeneem is wat op 30 September na Ierland vertrek, waar drie wedstryde gespeel gaan word, waarvan een op die Mellinium stadium in Dublin gaan plaasvind.

Op die 15de September speel die VKB SA Plattelandspan 'n voorwedstryd op die Vrystaat stadium in Bloemfontein waarna die Toyota Cheetas teen Westelike Provinsie kragte meet.

Baie geluk aan al ons spelers wat deel was van die VKB-week in Reitz. Julle gedrag op en van die veld was van hoë gehalte. Ons is trots op julle !!

Baie geluk en 'n groot woord van dank aan mnre. Riaan Coetzee, Dawie Venter en Christi Swartz vir julle insette.

## TOP 5 AKADEMIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat die top 5 posisies in hul onderskeie grade behaal het:

*Graad 4*

1. Diaan Marais
2. Janco van Staden
3. Suné Steenkamp
4. Ben Shaer
5. Drikus Klopper

*Graad 5*

1. Nilé Smith
2. Anna Shaer
3. Mischa v. D. Berg
4. Zana Cronjé
5. Johan Wink

*Graad 6*
1. Jacomien Bekker
2. Wiané Marais
3. Hanneke Hoffman
4. Jaun-Mari Franzsen
5. Kabi Tang

*Graad 7*
1. Marike Bekker
2. Kari Fenwick
3. Naomi Fourie
4. Izak Wolfaardt
5. Minette Cronjé

*Graad 8*
1. Nwabi Mdladlamba
2. Bongi Seakhoa
3. Zizi Sidsamba
4. Retief Senekal
5. Lodewyk J. Van Rensburg

*Graad 9*
1. Vicky Henning
2. Hendrico Bekker
3. Janet Malherbe
4. Peter MacKay
5. Amore Lombard

*Graad 10*
1. Elri van Rooyen
2. Van Zyl Cronjé
3. Keke Spyker
4. Derick Senekal
5. Chantel Deysel

*Graad 11*
1. Wilmé Smith
2. Leandri J. Van Vuuren
3. Esbie Ferreira
4. Chrisitne Langeveldt
5. Aldune Wolfaardt
5. Chrisna Neethling

*Graad 12*
1. Hennie de Swardt
2. Rochelle Botes
3. Chris Cronjé
4. Stephan Henning
5. Christiaan Steenkamp

**VOORTREKKERS**

Baie geluk aan Isa-Marie van der Merwe wat die Hoofleierswag-eksamen suksesvol afgelê het. Ons is voorwaar trots op jou!



*Rugbypresteerders* *Foto: Verskaf*



*Isa-Marie van der Merwe* *Foto: Verskaf*

# Hoërskool Zastron Nuus

FOTO 1: Personeel van Hoërskool Zastron in die sneeu.



FOTO 2: Mnr Dawie Venter (Skoolhoof) en die graad 12 klas van 2012 van Hoërskool Zastron in die sneeu.



FOTO 3: Die 0/18 span van Hoërskool Zastron het in die finaal van die B1-Liga vir Brandfort pakslae gegee. Baie geluk!



# Op Reis deur Suid-Afrika

Verlede jaar in Oktober besluit 'n paar van ons om die pad noorde toe aan te pak om Skouspel by Sun City te gaan beleef. My keel trek toe sommer by voorbaat toe want alles wat noord van die Vaalrivier is, is vir my Gauteng en Gauteng is vir my sinoniem met swaar verkeer en verkeersknope, rook wat jou wil versmoor, misdaad en geweld en MOEILIKHEID! Maar ons besluit tog om so bietjie rond te ry en daar kom ons op die oulikste plekkies af! Ek het net weereens daar besef mens moenie alles glo wat in die media geskryf word nie, en die beste manier om van stereotipes ontslae te raak, is om self die plekke te gaan verken.

***Cullinan (Gauteng)***

Cullinan is 'n klein dorpie, ± 40 km oos van Pretoria wat sy ontstaan te danke het aan Sir Thomas Cullinan wat in 1902 'n baie ryk diamantpyp hier ontdek het. Kort daarna, op 25 Junie 1905 is die beroemde Cullinan diamant heel toevallig deur Frederick Wells, 'n bestuurder by die Premier Diamond Mining Company ontdek. Mnr. Wells was besig met sy daaglikste inspeksie toe hy iets in een van die kantmure van die myn in die son sien blink. Aanvanklik het hy gedink dis net 'n stukkie geel glas maar tog besluit om dit los te maak en uit te haal. Toe hy dit inhandig, het hy darem 'n beloning van $10 000.00 gekry. Dit is die grootste diamant in die wêreld en is 3 106 karaat (621g).





Die Transvaalse regering het dit gekoop en aan Koning Edward V11 van Engeland as geskenk vir sy 66ste verjaarsdag gegee. Die oorspronklike steen is deur die Asscher Broers in Amsterdam, Nederland in 3 en uiteindelik in 9 groter stene en 'n aantal kleiner fragmente gesny. Die verhaal word ook vertel dat Joseph Asscher, die beste diamantsnyer ter wêreld op daardie stadium, se eerste poging om die diamant in 2 te sny misluk het omdat die mes gebreek het. Met sy 2de probeerslag was 'n dokter en verpleegster teenwoordig en nadat die steen in 2 perfekte dele gebreek het, het Joseph Asscher net daar op die plek flou geword en moes die dokter en verpleegster hom eers lawe. Die diamantpyp by Cullinan is ook die enigste noemenswaardige bron in die wêreld van die uiters gesogte en baie duur blou diamante.





Die vervoer van die steen in 1905 Engeland toe het ook vir groot opwinding gesorg! As gevolg van sekuriteitsprobleme, is speuders van London met groot vertoon in die Kaapse hawe op 'n stoomboot gesit met die "diamant" in hulle besit maar dit was 'n vervalsing en die ware jakob is in 'n gewone kartonhouer met geregistreerde pos Buckingham Paleis toe gestuur. Die mees onlangse groot fonds was in September 2009 toe 'n 507 karaat (101g) diamant gevind is en op 26 Februarie 2010 vir $35.3 miljoen verkoop is. En wie twyfel nou nog daaraan dat 'n diamant 'n vrou se grootste vriend is! Cullinan is 'n rustige kunstenaars dorpie en die plaaslike inwoners se kreatiwiteit het my mond laat oophang.



*Cullinan se hoofstraat.*

Soos die meeste ander dorpe het Cullinan ook oor 'n besige spoorwegstasie beskik maar toe die trein-era tot 'n einde gekom het, het die ou geboutjies maar vervalle begin raak. 'n Entrepeneur het die gaping gesien en die sink-stasiegebou in die oulikste restaurantjie met heerlike ligte etes omskep.





*Die beeldjie van die ou vroutjie wat mens voor die gebou sit en inwag lyk so eg dat ek byna met haar gaan handskud het!*

Bietjie verder af in die straat is allerhande stalletjies en snuffelwinkeltjies en die mense maak uit "scrap" die interessantste items wat hulle verkoop. Niks word weggegooi nie – koeldrankproppies, stukkies yster, boute en moere, skroewe en spykers, wasters, stukkies pyp – letterlik alles waarop hulle hulle hande kan lê!



Daar is ook 'n museum wat die hele geskiedenis van Cullinan uitbeeld, en begeleide toere na die oopgroefmyn word daagliks aangebied. Cullinan beskik ook oor verskeie hotelle en gastehuise waar mens 'n rustige wegbreekkansie kan gaan geniet.

Besoek die webwerf www.safarinow.com/destinations/cullinan/hub.aspx vir meer inligting oor akkommodasie en www.cullinansouthafrica.com vir inligting oor wat die dorp en distrik nog bied.

## VAKATURE: SKRIBA-KASSIER-POS:

Rouxville NG Kerk, wag aansoeke in vir bogenoemde pos. Vereistes vir die pos en pligtestaat is by die persone wat onderaan die advertensie genoem word, beskikbaar.

**Salaris:** R3 500 per maand.
**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 14 September 2012 (DV). Volledige CV moet aansoek vergesel.

**Navrae en aansoeke:**
Per Pos: Mn. Johan Fouche,
Posbus 94, Rouxville, 9958
Sel.: 083 627 7332
Per E-Pos: Ds. Koos Möller by die volgende adres:
koosmoller@gmail.com
Tel: 082 807 1045
Per Faks: Vir aandag: Mnr. Johan Fouché
(051) 663 0135

## VAKATURE:
## KOSTERPOS - KONTRAKPOS

Rouxville NG Kerk, wag aansoeke in vir bogenoemde pos. Vereistes vir die pos en pligtestaat is by die persone wat onderaan die advertensie genoem word, beskikbaar.

Salaris: R1 700 per maand.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 14 September 2012
(DV) Volledige CV moet aansoek vergesel

**Navrae en aansoeke:**
Per Pos: Mn. Johan Fouche,
Posbus 94, Rouxville, 9958
Sel.: 083 627 7332
Per E-Pos: Ds. Koos Möller by die volgende adres:
koosmoller@gmail.com
Tel: 082 807 1045
Per Faks: Vir aandag: Mnr. Johan Fouché
(051) 663 0135

# Iets oor voëls



Ek het die afgelope maand weer die Rooikophoutkapper gehoor. Oom Hans Dry het aan my bevestig dat hy hulle wel gesien het en dat hulle so 5 voëls in die groepie was. Ek het ook in Sterkspruit heelwat Huis mossies gesien. Dit is iets wat hier in ons dorp nogal skaars is.

Ek gaan vandag 'n bietjie gesels oor die Fiskaallaksman omdat hy feitlik oor die hele Suid-Afrika voorkom en ook feitlik in elke tuin in Zastron gesien word.

Die Fiskaallaksman is 21 tot 23 sentimeter groot en weeg tussen 25 en 50 gram.

Die Fiskaallaksman is 'n swart en wit voël met 'n smal wit skouerstreep wat 'n duidelik wit "V" op sy rug vorm. Die wyfie kan van die mannetjie onderskei word deurdat haar rugkant donkergrys, met donkerige tint aan bors en kastaiingbruin sye by meeste rasse. Die jong Fiskaallaksman is grysbruin met fyn donker dwarsstrepe oor kop, rug en sye. Daar kom ook 'n woestyn ras voor wat 'n wit wenkbrou het. Die oë is bruin. Die snawel, pote en tone is swart.

Die Fiskaallaksman kom feitlik oor die hele Suid-Afrika voor. Is gewoonlik monogaam en territoriaal. Kom ook in pare voor en is aggressief teenoor ander voëls in sy gebied. Die roep is 'n skel, krassende gekrys, ghreee,

ghreee, ghreee wanneer alarm gemaak word. Die sang is melodieus en deurmekaar, dikwels met krasser note en nabootsing van ander voëls.

Dit is 'n algemene standvoël in die meeste oop habitats. Die Fiskaallaksman jag dikwels vanaf 'n oop uitkykpos soos 'n tak, paal of draad van waar hy grond toe vlieg en sy prooi opraap. Sy prooi bestaan uit ongewerweldes, reptiele, voëls (mossies, kwikkies, duifies en voël kuikens), paddas, klein soogdiere en vrugte. Groter prooi word soms aan 'n "doringspens" (Skerp takkies, aan lang dorings en doringdraad) gehang.

Lê 3 tot 4 eiers (soms 1 tot 5) eiers in 'n lywige kommetjienes in 'n digte struik of boom. Die wyfie broei alleen die eiers uit en spandeer tot 80% van haar tyd op die nes. Eiers neem tussen veertien en sestien dae om uit te broei. Beide ouers voer die kuikens.

Voël kyk groete

*~Johan*

# Interessant......

In die jaar 1202 het 'n man met die naam Leonardo Fibonacci 'n studie van die stamboom van hase gemaak. Hy het 'n perfekte situasie veronderstel waar geen haas vrek nie en elke paar na 'n maand vrugbaar is en aan die einde van die volgende maand 'n paar oplewer wat uit 'n wyfie en 'n mannetjie bestaan. Hy begin met een paar – na 'n maand is hulle vrugbaar en is daar steeds net een paar. Aan die einde van die tweede maand produseer hulle een nuwe paar – nou is daar twee pare. Aan die einde van die derde maand produseer hulle weer een paar en is hul kinders vrugbaar. Nou is daar drie pare. Aan die einde van die vierde maand lewer die eerste paar en hulle kinders nou elk 'n nuwe paar – nou is daar vyf pare. As u byhou sal u besef dat daar na die vyfde maand agt pare sal wees – en dan dertien pare; en dan een-en-twintig pare...... Dit gaan egter nie hier oor die aanteelsyfer van hase nie, maar oor die reeks getalle wat daaruit voortvloei. Aanvaar dat hy oorspronklik geen hase (nul pare) het. Na elke maand is die aantal pare dus as volg: 0,1,1,2,3,5,8,13,21,34,55,89,144,233,377,6 10,987, en verder. Kan u die patroon in Fibonacci se reeks syfers sien? Elke syfer is die optelsom van die voorafgaande twee syfers. Meer nog, as enige van die syfers in die reeks gedeel word deur die syfer voor hom is die antwoord 1,618 – byvoorbeeld 377 ÷ 233 = 1,618. Nog meer, as enige van die syfers in die Fibonacci reeks gedeel word deur die syfer na hom, is die antwoord altyd 0,618 – byvoorbeeld 55 ÷ 89 = 0,618. Is dit nie absoluut ongelooflik nie!

Het u iets interessant om met ZASTRONNERS te deel? Laat ons weet asseblief!

# ZASTRONNER fotografie raad

Elke foto wat ons neem, moet 'n fokuspunt hê. Die fokuspunt trek die aandag en lei die oog in die foto in om "rond te kyk" en alles in die foto raak te sien. Die beste manier om die fokuspunt te posisioneer is op 'n derde in die foto. Die derde kan op die horisontale of die vertikale vlak wees. Dit is ook 'n goeie gebruik dat die fokuspunt in die foto in lei. Die figuur in die foto loop op die pad, in kleur het sy 'n helder oranje rok aan. Dit trek onmiddellik die aandag en die pad lei die oog verder deur die foto.

Die foto is geneem op die Lundean's nek pas einde verlede jaar. Ek het f 9 gebruik sodat 'n redelike groot deel van die foto in fokus is. Ek het dit op aperatuur priotireit geneem, sodat die kamera dan self die tyd van beligting bepaal. Ek verkies om my natuur foto's op ISO 200 of selfs minder te neem as dit lig so goed is soos wat die gewoonlik hier in ons omgewing is.



**SODUKO**

**OPLOSSING VAN NOMMER 6:**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 5 | 7 | 9 | 2 | 6 | 8 | 3 | 1 |
| 3 | 8 | 9 | 5 | 1 | 4 | 2 | 7 | 6 |
| 2 | 6 | 1 | 3 | 8 | 7 | 4 | 9 | 5 |
| 1 | 3 | 4 | 2 | 6 | 5 | 7 | 8 | 9 |
| 9 | 7 | 5 | 8 | 4 | 1 | 3 | 6 | 2 |
| 8 | 2 | 6 | 7 | 9 | 3 | 1 | 5 | 4 |
| 6 | 1 | 8 | 4 | 3 | 9 | 5 | 2 | 7 |
| 5 | 4 | 2 | 6 | 7 | 8 | 9 | 1 | 3 |
| 7 | 9 | 3 | 1 | 5 | 2 | 6 | 4 | 8 |

**NOMMER 7:**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 1 | 4 | 6 | 5 | 3 | 9 | 2 |
| 6 | 2 | 3 | 9 | 1 | 7 | 5 | 4 | 8 |
| 4 | 9 | 5 | 8 | 2 | 3 | 7 | 6 | 1 |
| 9 | 3 | 8 | 2 | 7 | 1 | 4 | 5 | 6 |
| 1 | 7 | 4 | 5 | 9 | 6 | 2 | 8 | 3 |
| 2 | 5 | 6 | 3 | 8 | 4 | 1 | 7 | 9 |
| 5 | 1 | 9 | 6 | 4 | 2 | 8 | 3 | 7 |
| 8 | 4 | 7 | 1 | 3 | 9 | 6 | 2 | 5 |
| 3 | 6 | 2 | 7 | 5 | 8 | 9 | 1 | 4 |




# Recipes




# Resepte

## Gemenge Slaai

**Metode:**

Kerf 'n dik laag blaarslaai in plat bak. Strooi dik laag grof gerasperde wortels oor. (Lyk baie mooi in glasbak)
Strooi 1 blik pitmielies oor die wortels en druk vas.
¾ bottle agurkies in wieletjies gesny
500 g gevriesde ertjies (nie gekook)
1 pak genipperde spek, bros gepraai – Gooi oor ertjies
Klits omtrent ¾ bottle mayonnaise en ¾ blikkie kondensmelk saam en gooi oor slaai. ( Kan klein houer gewonde jogurt ook gebruik ipv mayo en kondensmelk)
Rasper lekker baie kaas bo-oor.

Verkoel in yskas tot benodig.

## KERKDIENSTE
## CHURCH SERVICES

**~ N.G. KERK ~**
**Eredienste: 09:30**
Leraar: Ds. Coenie Jacobs 051 673 1075
Skriba/Kassier: Mev. H. van Eyssen 051 673 1333
Kantoor-ure: Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00
Koster: Mnr. A.D. Connoway 051 673 1339

**~ METHODIST CHURCH ~**
Services every 2nd Sunday a month (Communion) and 4th Sunday.
**Services start with praise and worship 11:00**
Leslie & Leba Higgs 051 673 1130

**~ VOLLE EVANGELIE KERK VAN S.A. ZASTRON ~**
Leraar: Pastoor Sampie Leeuwner 082 468 5566
**Byeenkomste: Sondae om 09:30**

**~ MARANATHA SENDING / MISSION ~**
Plek / Place: Gustavus Str. 15
Kerkdienste / Service Times
**Oggenddiens / Morning Service: 10:00**
Dinsdagaandbyeenkoms / Tuesday evening Fellowship: 19:00

**~ AGS LEWENDE WATERS / AFM LIVING WATERS ~**
Majozi Str. 26, Zastron
Pastoor André Langenhoven 082 068 6479 / 051 673 1808
**Erediens & Kinderkerk: 10:00 ; Aanddiens: 18:00**
Biduur (Woensdag): 18:30; Jeug (Vrydag): 19:00

## OLIVE OIL, GARLIC, CHIVES AND ROMANO CHEESE MASHED POTATOES

*Ingredients:*

*2 lbs or 3 large potatoes, scrubbed, peeled and diced large*
*6 cups water (to boil the potatoes)*
*1 teaspoon salt*
*(to add in boiling water to cook the potatoes)*
*4 cloves garlic, ends snipped and peeled*
*1/4 cup extra virgin olive oil*
*1/2 cup evaporated milk*
*1/3 cup grated Romano cheese (or can use Parmesan cheese for substitute)*
*1 teaspoon fresh cracked black pepper*
*2 tablespoons chopped chives*
*salt (optional and according to taste)*

**Procedure:**

1. In a medium size saucepan, put diced potatoes, peeled garlic cloves and water and bring to a boil. Once the water boils, add the salt and cook potatoes until tender.

2. Drain the water from the saucepan of cooked potatoes and garlic. While still piping hot, mash the potatoes and garlic, either leave some bits unmashed (for texture) or mash until smooth.

3. Add the extra virgin olive oil and evaporated milk and continue to mash/mix.

4. Mix in the grated Romano Cheese and season with pepper and salt (optional and according to taste).

5. Fold-in the chopped chives. And serve hot or warm, with or without gravy.
Serves 3-4